LANDBOUSKRYWERS
AGRICULTURAL WRITERS SA

News release by the Northern Branch of the Agricultural Writers SA

Nuusverklaring deur die Noordelike Streek van die Landbouskrywers SA

Vir onmiddelike gebruik/ For immediate use 24 Julie/July 2009

Sanlam/Santam en die Landbouskrywers SA (Noord) kondig nuwe toekenning aan:

Die Sanlam/Santam Landbouskrywers SA (Noord) joernalis van die jaar

Sanlam en Santam, in samewerking met Landbouskrywers SA (Noord), gaan vanjaar vir die eerste keer 'n gesamentlike joernalistieke toekenning maak. Die toekenning is daarop gemik om erkenning te gee aan joernalistieke werk wat die beeld van Suid-Afrikaanse landbou en die boer se beeld ten beste bevorder het.

Die wedstryd word in samewerking met Landbouskrywers SA (Noord) aangebied en word ondersteun deur die Agri Securitas Trustfonds van Agri SA. Sanlam en Santam het hulle volle geldelike ondersteuning aangebied om die toekenning moontlik te maak.

Die prysgeld vir die wenner is R15 000, waarvan R5 000 vir 'n joernalistieke kursus van die wenner se keuse moet gaan en 'n kontantbedrag van R10 000.

Uit al die inskrywings wat ontvang word, sal slegs 'n wenner aangewys word deur 'n paneel van beoordelaars wat die Landbouskrywers SA Noord, Sanlam en Santam en die voorsitter van die Agri Securitas Trustfonds sal aanwys. Die beoordelaars se beslissing is finaal.

Die geleentheid word deur die Landbouskrywers SA (Noord) beskou as 'n verdere uitbreiding van die jaarlikse wedstryd om kandidate in die noordelike provinsies aan te wys vir deelname aan die Nasionale Boer, Opkomende Boer en Landboukundige van die Jaar - wedstryd. Enige lid van die Landbouskrywers SA Noord, asook ander joernaliste wat oor die landbou berig en skryf, kan vir die wedstryd inskryf.

Deelnemers moet die inskrywingsvorm voltooi en die werk wat na hul mening die Suid-Afrikaanse Landbou en die boer se beeld ten beste bevorder het, daarby aanheg. Landbouskrywers SA (Noord) sal ook in eie reg joernaliste, wat aan die kriteria voldoen, kan nooi om in te skryf. Die inskrywings kan elektronies, per faks of per hand by die sekretariaat van die Landbouskrywers SA, Junxion Communication, gelewer word. Die inskrywingsvorm sal verkrygbaar wees op die webblaaie van die Landbouskrywers SA sowel as Agri SA.

Die sluitingsdatum vir inskrywings is 30 Augustus 2009.

Enige werk wat deur 'n joernalis gepubliseer is, hetsy in druk of op 'n webblad, kan ingeskryf word. Joernalistieke werk vir die radio en televisie sal met die nodige ondersteunende inligting ook in ag geneem word. Artikels gepubliseer in die periode 1 Mei 2008 tot 31 Mei 2009 sal in aanmerking kom. Artikels, beeld- en klankmateriaal sal 'n inskrywing moet vergesel vir

oorweging. Bydraes in enige erkende landstaal, vergesel van ‘n beknopte vertaling indien die stuk nie in Engels is nie, is welkom.

Die wenner van die toekenning sal tydens die Landbouskrywers SA (Noord) se Boer en Landboukundige van die Jaar glansgeleentheid op 2 Oktober 2009 aangekondig word.

Navrae in verband met die toekenning kan gerig word aan:

Magda du Toit
Voorsitter: Landbouskrywers SA (Noord)/ Chairman Agricultural Writers SA (North)
Mobile: 27 82 388 0187
Tel: 27 11 790 8254
Personal fax: 27 11 790 8431
Email/E-pos: magda.du.toit@monsanto.com